



NIMITZ®

Reg. no. L10436 Act/Wet 36 of/van 1947

An emulsifiable concentrate nematicide for the control of root knot nematodes in cucurbit crops as indicated, potatoes and tomatoes.

'n Emulsifiseerbare konsentraat aalwurmdoder vir die beheer van knopwortelaalwurm in aartappels, pampoengewasse soos aangedui, en tamaties.

ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL

fluensulfone 480 g/L fluensulfoon
(heterocyclic fluoroalkenyl sulfone) (heterosikliese fluoroalkeniel sulfoon)

NET VOLUME/NETTO VOLUME

..... L

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.
Reg. no. 1992/001741/07
Ground Floor, Simeka House
The Vineyards Office Estate,
99 Jip de Jager Drive
Bellville, 7530
T: +27 21 982 1460
infocpt@adama.com

**NIMITZ® is a registered trademark of a company of the ADAMA GROUP.
NIMITZ® is 'n geregistreerde handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**

CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD

Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946
Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number
Date of manufacture

Lotnommer
Datum van vervaardiging

UN no.: 3082



WARNINGS

Withholding period (minimum number of days between last application and harvest)

Cucurbit crops (baby marrow (zucchini), butternut squash, melon, muskmelon, pumpkin, squash)	None
Potatoes	77 days
Tomatoes (fresh, processed)	None

Note: The local maximum residue levels (MRLs) will not be exceeded if **NIMITZ®** is used in accordance with the label instructions. However, ADAMA South Africa (Pty.) Ltd. cannot be held responsible if MRLs of other countries are exceeded. Consult the local export or industry organisations regarding application timing, withholding periods and specific tolerances of countries to which produce will be exported.

- May be harmful if swallowed.
- May be fatal if swallowed and enters airways.
- May cause lung damage if swallowed.
- Causes mild skin irritation.
- Causes serious eye irritation.
- Repeated exposure may cause allergic disorders.
- May cause an allergic skin reaction. Prolonged or frequently repeated skin contact may cause allergic reactions in some individuals.
- Very toxic to aquatic life with long lasting effects.
- Store in a cool, well ventilated place, away from food and feed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry:** Do not enter the treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing; preferably allow for a 24-hour re-entry period.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label, the occurrence of resistance against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, or the environment, or harm to humans or animals, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult with a qualified advisor, and/or an ADAMA SA (Pty) Ltd technical advisor, and/or the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing the hands and face.
- Avoid contact with skin, eyes, or clothing.
- Wash thoroughly with soap and cold water after handling and in the event of accidental skin contact.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Wear protective clothing that covers the arms and legs, such as cotton overalls (or equivalent clothing), appropriate footwear, chemical-resistant (rubber) gloves and a face shield when handling or applying the product.
- Remove protective clothing and gloves immediately after handling the product. Wash gloves on the outside before removal. Wash gloves and contaminated clothing every time after use.
- Remove clothing immediately should it become saturated with the product or if the product comes into contact with the body, and wash thoroughly. Discard clothing and other absorbent materials that have been drenched or heavily contaminated with the product and do not reuse these items.
- Invert the empty container over the spray or mixing tank and drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to dripping. Thereafter rinse the empty container three times in succession with one quarter of the container volume fresh water and decant the rinsate into the spray or mixing tank. Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za).
- Do not bury, burn or donate the container to any other parties that may use it as a container for food or beverages.
- During application avoid drift of the spray mixture onto neighbouring crops, grazing, water sources and areas that are not being treated or to areas where it can come into contact with people.
- Clean the application equipment after use and dispose of wash and rinse water where it will not contaminate other crops, grazing and water sources.

FIRST AID TREATMENT

General: In case of exposure call the emergency contact centre or seek medical advice immediately.

Ingestion: Do NOT induce vomiting. Rinse the mouth. Drink plenty of water, but do not give anything by mouth to an unconscious person. Call the emergency contact centre or physician for treatment advice.

Skin contact: Remove contaminated clothing. Rinse contaminated skin immediately with large quantities of running water, continuing for 15 to 20 minutes. Call the emergency contact centre or physician for treatment advice.

Eye contact: Hold the eye open and rinse it slowly and gently with running water for 15 to 20 minutes. Remove contact lenses, if present, after the first 5 minutes, then continue rinsing the eye. Call the emergency contact centre or physician for treatment advice.

Inhalation: Move the person to fresh air. If the person is not breathing, call the emergency number or an ambulance, and then apply artificial respiration. Call the emergency contact centre or physician for treatment advice.



NOTE TO PHYSICIAN

Vomiting may cause aspiration pneumonia. Treat symptomatically.

RESISTANCE WARNING

Although resistance to **NIMITZ®** in nematode populations has not been proven, repeated exclusive use of any product may lead to a reduction in control due to enhanced biodegradation. Furthermore, any nematode population may contain individuals naturally resistant to **NIMITZ®**. The resistant individuals can eventually dominate the nematode population if the same nematicide is used repeatedly, which may lead to a reduction in control. Therefore rotation with nematicides with a different mode of action is recommended.

To delay resistance to **NIMITZ®**, the product must be used as part of an integrated pest management (IPM) programme to control nematodes. IPM programmes using cultural practices, sanitation practices, planting of resistant varieties to reduce nematode infestations, monitoring or other detection methods, proper pest identification and rotation of nematicides with different modes of action could improve control.

For specific information on resistance management contact ADAMA South Africa.

USE RESTRICTIONS

- Soil application only.
- Do not apply **NIMITZ®** by flood irrigation or overhead irrigation systems.
- Do not apply more than one application during the development of the crop, and not more than 8 L/ha per year.
- Do not apply at soil temperatures that do not allow nematode activity. **NIMITZ®** only acts on active nematodes. When inactive, nematodes will not absorb the product and will therefore not be controlled.
- Avoid application during rain or when heavy rain is forecast within the next 72 hours, and do not irrigate excessively within 72 hours after application, as large amounts of water immediately after application may result in **NIMITZ®** moving too quickly past the target zone.
- Do not apply if aquatic or wetland areas, including aqua-culture ponds, are within 20 m of the application area.
- Do not graze or feed the treated crop to livestock.
- Do not apply to crops that are not listed on the label.
- Do not apply **NIMITZ®** less than **7 days** before planting of cucurbits and tomatoes and less than **3 days** before planting of potatoes.

Succeeding crops in rotational cropping

Observe the following waiting periods before planting the next crop:

No restriction	Cucurbit crops (baby marrow (zucchini), butternut squash, melon, muskmelon, pumpkin, squash), potatoes, tomatoes
365 days	All other crops

DIRECTIONS FOR USE

Use only as indicated.

General

- **NIMITZ®** is a true nematicide that kills the target by contact, rather than causing temporary nematostatic activity (paralysis). The product has a rapid effect on nematodes; within one hour of contact nematodes cease feeding and quickly become paralysed. **NIMITZ®** requires between 24 and 72 hours to achieve complete mortality. Nematode eggs laid after exposure to **NIMITZ®** are likely to be unviable, or the juveniles that do hatch do not survive.
- **NIMITZ®** affects all active stages of the nematode life cycle by inhibiting the feeding and motility of adults and juveniles and the laying, development and hatching of eggs.
- **NIMITZ®** can only control nematodes present in the soil at the time of application. It will not eradicate nematode populations and damage from recurrence of nematodes could occur.
- The product will not control bacteria, insects, viruses, weeds or pathogens in treated areas. Consult a qualified advisor regarding additional measures to manage this.
- Efficacy may be reduced in soils with high organic matter content, especially where manure or compost has been applied.
- Uniform application to moist, well prepared soils is essential. Where present, clods, debris and plant residues should be thoroughly incorporated into the soil to prevent interference with application or control.
- Excessive moisture immediately after application may result in **NIMITZ®** moving too quickly past the target zone. Avoid excessive irrigation, application during rain or application when heavy rain is forecast within 72 hours after application.
- Efficacy and crop safety following **NIMITZ®** application can be influenced by a number of factors beyond the control of the manufacturer, including soil type, amount of irrigation or rainfall after application, quality of seed, seedlings and seed potatoes, the pre-plant interval, other environmental factors and cultivation practices.

Compatibility

- Do not apply **NIMITZ®** with any other product, including fertilizers.
- However, if tank-mixing of **NIMITZ®** with other products is required, a physical compatibility test has to be conducted before application to confirm compatibility of the mixture, as well as a biological assay to verify that application of the mixture will not have harmful effects on the crop.
- To determine **physical** compatibility, pour the required proportions of the product(s) into a suitable container. After mixing, wait for 30 minutes and check to see if the product remains in mixture. If the products remain in mixture, they are considered physically compatible.
- Contact ADAMA South Africa for information regarding product compatibility with **NIMITZ®**.

Mixing instructions

- Fill the spray tank to 70% of its volume with water, add the required quantity of **NIMITZ®** to the water in the spray tank while agitating, and mix well.
- Continue agitating the mixture in the spray tank during application and in periods between application.
- Use high quality water for the application of **NIMITZ®** and avoid the use of brackish water or water contaminated with colloidal particles.
- Thoroughly clean application equipment before and after application of **NIMITZ®**.

APPLICATION

General

- **NIMITZ®** can be applied by means of broadcast or banded spray application or in certain crops through the drip irrigation system, at the pre-plant intervals specified for the different crops. The product is not to be applied by flood irrigation or overhead irrigation systems.
- **NIMITZ®** has to reach the targeted zone in the soil, i.e., reach a depth of 15 to 20 cm, to allow contact with the root knot nematodes. Therefore **NIMITZ®** has to be incorporated either mechanically or by irrigation to a depth of 15 to 20 cm after application of the banded spray or broadcast application. If **cucurbit seeds** are planted, the product **must be** incorporated mechanically.
- Soil moisture influences soil incorporation of the product and efficacy of **NIMITZ®**. Therefore ensure soil moisture is adequate before application of **NIMITZ®** to achieve uniform mechanical incorporation, or uniform movement throughout the bed, from shoulder to shoulder and to a depth of 15 to 20 cm, if applied and washed in by means of irrigation.
- In the case of application by drip irrigation flush the irrigation lines with water to ensure no **NIMITZ®** is left in the irrigation system and that the product has reached the target zone.
- Treated areas can be covered with plastic or left uncovered, in accordance with planting practices.
- Seedlings must have two true leaves at the time of transplanting to minimise any potential post-transplant stress that may result in slower crop establishment.
- To avoid crop injury, implement the following instructions:
 - In potatoes, apply **NIMITZ® at least 3 days before planting**. Incorporate the product on the day of application, either mechanically or by irrigation, to a depth of 15–20 cm.
 - In tomatoes and cucurbit crops, apply **NIMITZ® at least 7 days** before planting or transplanting and follow the irrigation guidelines in Table 1 to wash **NIMITZ®** sufficiently from the root zone before planting of seeds or transplanting of seedlings. Note that the amount of water required will vary, depending on soil type and existing soil moisture. Excessive moisture such as rainfall or irrigation immediately after application may cause the product to move past the target zone in the soil.



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

Table 1. Pre-transplant irrigation required on the indicated number of days after application (DAA). Calculations are based on delivery of effective irrigation to a depth 20 cm.

Application type	Irrigation type	Soil clay %	Irrigation (mm)	
			3 DAA	5 DAA
Broadcast or banded spray application	Overhead sprinkler	<5 %	8	–
		≥5 %	8	8
	Surface drip ¹	<5 %	6	–
		≥5 %	4	4
Drip application	Surface drip ¹	<5 %	5	–
		≥5 %	5	5

¹ Surface drip: for transplanting up to 10 cm from irrigation line.

Broadcast and banded spray application

- **NIMITZ®** can be applied by broadcast or banded spray application to prepared beds before planting of seed potatoes or seeds or transplanting of seedlings. Banded spray application allows a targeted application of **NIMITZ®** to seed or seedling beds, reducing the overall volume of product required.
- Use conventional boom spray equipment for broadcast application or suitable spray equipment for banded application to apply **NIMITZ®** to the soil surface.
- Ensure that the application equipment is in a good working condition and not contaminated with other chemicals.
- Use of flat fan nozzles is recommended in broadcast application and even fan nozzles in banded application to ensure application of an even dose over the treated band.
- Select an appropriate nozzle and pressure to produce a coarse droplet spectrum (>300 micron) according to the nozzle manufacturer's specifications.
- Apply a minimum spray volume of 200 L/ha to obtain uniform application.
- For banded spray application, calculate the application rate to be applied based on the percentage of the area treated, as indicated in the **Application rates** table.
- Apply the spray mixture uniformly across the treated area.
- To minimise spray drift into non-target areas do not apply **NIMITZ®** from a spray boom at a height greater than 50 cm above the soil surface.
- Incorporate the product on the day of application, either mechanically or by irrigation, to a depth of 15–20 cm. Ensure soil moisture is adequate for uniform incorporation. Mechanically incorporate the product using a rotary implement. If incorporating by irrigation, apply sufficient water to distribute the product evenly, up to the indicated soil depth, but do not over-irrigate.
- If **cucurbit seeds** are planted, the product **must be** incorporated mechanically.

- After application and prior to planting of seeds or transplanting of seedlings, irrigate in accordance with the guidelines in Table 1.
- Allow **at least 7 days** between application and planting of seeds or transplanting of seedlings, and at least **3 days** before planting of potatoes.
- Resume normal irrigation practices after planting of seeds or transplanting of seedlings.

Drip irrigation application

- Ensure application equipment is clean after use and before using for application of other products. **NIMITZ®** should not be applied in conjunction with a product for cleaning the drip lines, as this may reduce efficacy.
- **NIMITZ®** can be applied through drip irrigation systems, but not through any other type of irrigation system.
- Follow the guidelines of the manufacturer of the irrigation equipment.
- **NIMITZ®** is to be applied by a knowledgeable person who is experienced in the operation of the irrigation system.
- Ensure that **NIMITZ®** is distributed uniformly through the irrigation system and at the correct rate for the area to be treated.
- Apply **NIMITZ®** with adequate water and sufficient duration to wet the entire bed width and root zone (15 to 20 cm deep) uniformly.
- Calculate the application rate to be applied based on the percentage of the area treated, as indicated in the **Application rates** table below. Assume the wetting front is the same as the bed width for determining the rate to apply, or preferably use the actual wet area.
- The amount of water needed for an application will depend upon the initial level of soil moisture, the soil type, % organic matter and condition, as well as the placement of the drip irrigation line and emitter spacing, amongst others.
- The following steps are recommended when applying **NIMITZ®** through drip irrigation systems:
 1. Pre-irrigate the area in a manner that will ensure the planting bed is wet from shoulder to shoulder.
 2. Check the entire irrigation system, including emitters, during the pre-irrigation process to ensure the system is operating normally before injecting **NIMITZ®**.
 3. Introduce **NIMITZ®** into the irrigation system to distribute the product evenly in the area being treated.
 4. Flush the irrigation system with water to ensure no **NIMITZ®** remains in the system.
- Do not over-apply system rinse water, as this could wash the **NIMITZ®** from the root zone.
- After application and prior to transplanting, irrigate according to the guidelines in Table 1.
- Allow **at least 7 days** between application and transplanting of seedlings.
- Resume normal irrigation practices after planting or transplanting.



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

APPLICATION RATES

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
Cucurbits (Seeds, seedlings) (Baby marrow (zucchini), butternut squash, melon, muskmelon, pumpkin, squash) Root knot nematodes (<i>Meloidogyne</i> spp)	8 L per treated hectare Only in soils with ≤9% clay	<p>Apply 8 L of NIMITZ® per treated hectare as a broadcast or banded spray application in at least 200 L of spray volume per hectare.</p> <p>Banded spray application allows a targeted application to seed or seedling beds, reducing the overall volume of product required. Table 2 indicates the amount of product to be applied per 100 m row.</p> <p>Ensure that soil is moist at application. Refer to the specific instructions above for broadcast and banded application and incorporation of NIMITZ® into the soil.</p> <p>If cucurbit seeds are planted, NIMITZ® must be incorporated mechanically.</p> <p>Do not apply at planting or transplanting. As germinating seeds and cucurbit seedlings could be sensitive to NIMITZ®, the product should be applied at least 7 days before planting of seeds or transplanting of seedlings. The post-application irrigation requirements indicated in Table 1 should be implemented prior to planting or transplanting.</p> <p>Seedlings must be in at least the true two-leaf stage at the time of transplanting.</p> <p>Do not apply in soils with a clay content exceeding 9%.</p> <p>After transplanting, resume normal irrigation practices.</p>



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
<p>Potatoes Root knot nematodes (<i>Meloidogyne</i> spp)</p> <p>WARNING: Only use NIMITZ® when planting high-quality seed potatoes that have not been damaged or impaired in any manner.</p>	4–8 L per treated hectare	<p>Apply NIMITZ® between 7 and 3 days before planting. Ensure that the soil is moist at application.</p> <p>Assess the risk of nematode damage and re-infestation related to the particular site with the assistance of a qualified advisor, and/or an ADAMA SA (Pty) Ltd technical advisor. Factors to consider include history of nematode infestation or damage, soil type, crop rotation and other agronomic practices, soil fumigation and other nematode control measures, nematode tolerance of the crop or variety, and market and phytosanitary requirements.</p> <ul style="list-style-type: none">• Apply NIMITZ® at a rate of 4 to 6 L/ha on sites with a low to medium risk profile.• Apply NIMITZ® at a rate of 6 to 8 L/ha on sites with a medium to high risk profile. <p>Note that NIMITZ® is to be applied at the rates indicated per treated hectare in a minimum spray volume of 200 L of water per hectare as a broadcast or banded spray application. Table 2 indicates the amount of product to be applied per 100 m row.</p> <p>Apply the normal irrigation practices following planting.</p> <p>Incorporate the product on the day of application, either mechanically or by irrigation, to a depth of 15 to 20 cm. If incorporating by irrigation, apply sufficient water to distribute the product evenly, up to the indicated soil depth, but do not over-irrigate.</p> <p>To avoid crop injury in potatoes, apply NIMITZ® at least 3 days before planting.</p> <p>NOTE: In instances where severe nematode infestation is expected, an additional nematicidal treatment, such as a preceding soil fumigation, is recommended.</p> <p>WARNING: Use NIMITZ® only when planting high-quality seed potatoes that have not been impaired by pests, fungal, bacterial or viral infections, contact with herbicides, unfavourable growing conditions, storage and handling practices, or any other factors that could influence quality of tubers.</p>



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

CROP AND TARGET	DOSAGE	REMARKS
Tomatoes (Seedlings) Root knot nematodes (<i>Meloidogyne</i> spp)	8 L per treated hectare Only in soils with ≤10% clay	Apply 8 L of NIMITZ® per treated hectare through the drip irrigation system. Ensure that soil is moist at application. Table 2 indicates the amount of product to be applied per 100 m row. Refer to the specific instructions for drip irrigation application and incorporation into the soil above. Do not apply at transplanting. As tomato seedlings could be sensitive to NIMITZ® , the product should be applied at least 7 days before transplanting and the post-application irrigation requirements indicated in Table 1 should be implemented prior to transplanting. Seedlings must have two true leaves at the time of transplanting. Do not apply in soils with a clay content exceeding 10%.

Table 2. The amount of product to be applied by 100 m row in banded spray or drip irrigation applications NIMITZ® at a rate of 8 L per treated hectare. Calculations are based on treatment of the entire bed width.

Bed width	Amount of product per 100 m row
60 cm	48 ml
75 cm	60 ml
100 cm	80 ml
125 cm	100 ml

For example: If planting on bed widths of 60 cm and a total of 2000 m of row (20 x 100 m), the required amount of **NIMITZ®** is: 48 ml x 20 = 960 ml.



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

WAARSKUWINGS

Onthoudingsperiode (minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes)

Aartappels	77 dae
Pampoengewasse (murgpampoentjies (zucchini), botterskorsie, spanspek, pampoen en skorsie)	Geen
Tamaties (vars, verwerk)	Geen

Let wel: Die plaaslike maksimum residuvlakke (MRV's) sal nie oorskry word indien **NIMITZ®** volgens etiketaanbevelings gebruik word nie. ADAMA South Africa (Pty.) Ltd. kan egter nie verantwoordelik gehou word indien MRV's van ander lande oorskry sou word nie. Skakel met die plaaslike uitvoer- of bedryfsorganisasies rakende tyd van toediening, onthoudingsperiodes en spesifieke toleransievereistes van lande waarheen produkte uitgevoer gaan word.

- Kan skadelik wees indien ingesluk word.
- Mag dodelik/noodlottig wees indien ingesluk word en in die lugweg inbeweeg.
- Kan longskade veroorsaak indien ingesluk word.
- Veroorsaak ligte velirritasie.
- Veroorsaak ernstige oogirritasie.
- Herhaalde blootstelling kan allergiese reaksies tot gevolg hê.
- Mag 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Langdurige of gereelde, herhaalde velkontak mag allergiese reaksies in sommige individue veroorsaak.
- Baie toksies vir akwatische lewe met langdurige effek.
- Berg in 'n koel, goed geventileerde plek, weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningesigte persone en diere.
- **Hertoegang:** Moet nie in die behandelde gebied ingaan voordat die spuitstof droog geword het nie, tensy beskermende klere gedra word; handhaaf verkieslik 'n 24-uur hertoegangstydperk.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie, die voorkoms van weerstand teen die betrokke middel, asook die metode, tyd en akkuraatheid van toediening beïnvloed word. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing, of nadelige invloed op mens of dier, of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die voorkoms van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg 'n gekwalifiseerde adviseur, en/of 'n ADAMA SA (Pty) Ltd tegniese adviseur, en/of die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie eet, drink of rook tydens ver menging of toediening van die produk nie of voordat die hande en gesig gewas is nie.
- Vermy kontak met die vel, oë en klere.
- Was deeglik met seep en koue water na hantering of as velkontak per abuis vookom.
- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Dra beskermende klere wat die arms en bene voldoende bedek, soos 'n katoenoorpak (of soortgelyke klere), toepaslike skoene, chemie-bestande (rubber-) handskoene en 'n gesigskerm wanneer die produk hanteer of toegedien word.
- Verwyder beskermende klere en handskoene onmiddellik na hantering van die produk. Was die buitekant van die handskoene voordat dit verwyder word. Was handskoene en besoedelde klere elke keer na gebruik.
- Verwyder klere dadelik as dit deurdrenk sou raak met produk of as die produk met die liggaam in aanraking sou kom, en was deeglik. Doe weg met klere en ander absorberende materiaal wat deurdrenk is of swaar besoedel is met die produk en moet nie hierdie items hergebruik nie.
- Keer die leë houer oor die spuit-of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeistof tot 'n drup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuitenk of mengtenk oor. Kap gate in die drie-keer gespoelde houer waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za).
- Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.
- Voorkom drywing van die spuitnewel tydens toediening na naburige gewasse, weiding, waterbronne of gebiede wat nie behandel word nie of na plekke waar dit met mense in aanraking kan kom.
- Maak die toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en raak ontslae van was- en spoelwater waar dit nie ander gewasse, weiding, of waterbronne sal besoedel nie.

NOODHULPBEHANDELING

Algemeen: Skakel dadelik die noodkontaksentrum of 'n mediese praktisyn in geval van besoedeling.

Inname: MOENIE braking induseer nie. Spoel die mond uit. Drink baie water, maar moenie enigets per mond aan 'n bewusteloze persoon gee nie. Skakel die noodkontaksentrum of 'n mediese praktisyn vir raad.

Velkontak: Trek besoedelde klere uit. Spoel die geaffekteerde gedeelte van die vel onmiddellik met groot hoeveelhede lopende water, en hou aan spoel vir 15 tot 20 minute. Skakel die noodkontaksentrum of 'n mediese praktisyn vir raad.

Oogkontak: Hou die oog oop en spoel dit stadig en liggies met lopende water vir 15 tot 20 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na die eerste 5 minute en gaan dan voort om te spoel. Skakel die noodkontaksentrum of 'n mediese praktisyn vir raad.

Inaseming: Neem die persoon na vars lug toe. As die persoon nie asemhaal nie, skakel die nooddummer of 'n ambulans en pas dan kunsmatige asemhaling toe. Skakel die noodkontaksentrum of 'n mediese praktisyn vir raad.

NOTA AAN GENEESHEER

Braking kan aspirasie-pneumonie veroorsaak. Behandel simptomaties.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Hoewel weerstand teen **NIMITZ®** nog nie in aalwurmpopulasies bewys is nie, sal herhaalde eksklusieve gebruik van enige produk tot 'n vermindering in beheer kan lei as gevolg van versnelde biologiese afbreking. Verder kan enige aalwurmpopulasie individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **NIMITZ®** het. Indien dieselfde aalwurmdoder herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die aalwurmpopulasie oorheers, wat 'n afname in beheer tot gevolg kan hê. Daarom word awisseling met aalwurmdoders met 'n ander meganisme van werking aanbeveel.

Om weerstand teen **NIMITZ®** te vertraag moet die produk as deel van 'n geïntegreerde plaagbestuur-(GPB-) program gebruik word om aalwurms te beheer. GPB-programme wat verbouingspraktyke, sanitasiepraktyke, die plant van weerstandbiedende variëteite om aalwurmbesmetting te verminder, monitering of ander opsporingsmetodes, behoorlike plaagidentifikasie en awisseling van aalwurmdoders met verskillende werksmeganismes insluit, kan beheer verbeter.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak ADAMA South Africa.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Slegs grondtoediening.
- Moenie **NIMITZ®** deur middel van vloedbesproeiing of oorhoofse besproeiingstelsels toedien nie.
- Moenie meer as een toediening tydens die ontwikkeling van die gewas maak nie en nie meer as 8 L/ha per jaar nie.
- Moenie toedien by grondtemperature wat nie aalwurmaktiwiteit toelaat nie. **NIMITZ®** werk slegs in op aalwurms wat aktief is. Aalwurms wat onaktief is, sal nie die produk absorbeer nie en sal dus nie beheer word nie.
- Vermy toediening tydens reën of wanneer swaar reën binne 72 uur voorspel word, en moenie oormatig besproei binne 72 uur na toediening nie, aangesien groot hoeveelhede water onmiddellik ná toediening mag veroorsaak dat **NIMITZ®** te vinnig verby die teikensone beweeg.
- Moenie toedien as watergebonde gebiede of vleie, insluitend akwakultuurdamme, binne 20 m van die toedieningsarea voorkom nie.
- Moenie behandelde gewasse bewei of aan vee voer nie.
- Moenie toedien op gewasse wat nie op die etiket verskyn nie.
- Moenie **NIMITZ®** minder as **7 dae** voor plant van pampoenggewasse en tamaties en minder as **3 dae** voor plant van aartappels toedien nie.



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

Opvolggewasse in gewasrotasie

Pas die volgende wagperiodes toe wanneer opvolggewasse geplant word:

Geen wagperiode	Aartappels, pampoengewasse (murgpampoentjies (zucchini), botterskorsie, spanspek, pampoen en skorsie), tamaties
365 dae	Alle ander gewasse

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

ALGEMEEN

- **NIMITZ®** is 'n ware aalwurmdoder wat die teiken deur kontak dood, eerder as om 'n tydelike nematostatiese effek (verlamming) te veroorsaak. Die produk het 'n vinnige uitwerking op aalwurms; aalwurmvoeding staak en vinnige verlamming tree in binne een uur na kontak. **NIMITZ®** vereis tussen 24 en 72 uur om volledige mortaliteit te veroorsaak. Aalwurmeiers gelê na blootstelling aan **NIMITZ®** sal waarskynlik nie lewensvatbaar wees nie of as jong aalwurms uitbroei, sal hul nie oorleef nie.
- **NIMITZ®** beïnvloed alle aktiewe stadiums van die aalwurmlewensiklus deur voeding en beweging van volwassenes en jong aalwurms asook eierlegging en die ontwikkeling en uitbroei van die eiers te inhibeer.
- **NIMITZ®** kan slegs aalwurms beheer wat in die grond aanwesig is tydens toediening. Die produk sal nie aalwurmpopulasies uitwis nie en skade as gevolg van herinfestasie van aalwurms kan voorkom.
- Die produk sal nie bakterieë, insekte, virusse, onkruid of patogene in behandelde gebiede beheer nie. Raadpleeg 'n gekwalifiseerde adviseur oor bykomende maatreëls om dit te bestuur.
- Doeltreffendheid kan verlaag word in grond met 'n hoë organiese materiaalinhou, veral indien mis of kompos toegedien is.
- Uniforme toediening op klam, goed voorbereide gronde is noodsaaklik. Indien klonte en plantreste voorkom, moet dit deeglik in die grond ingewerk word om te verhoed dat dit met toediening en beheer inmeng.
- Oormatige vog onmiddellik na toediening mag daartoe lei dat **NIMITZ®** te vinnig verby die teikensone beweeg. Vermy oormatige besproeiing, toediening tydens reën of toediening wanneer swaar reën voorspel word binne 72 uur na toediening.
- Doeltreffendheid en gewasveiligheid ná die toediening van **NIMITZ®** kan deur 'n aantal faktore buite die beheer van die vervaardiger beïnvloed word. Dit sluit in grondtipe, hoeveelheid besproeiing of reënval na toediening, gehalte van die saad, saailinge en saadaartappels, die interval voor plant, ander omgewingsfaktore en bewerkingspraktyke.

Verenigbaarheid

- Moenie **NIMITZ®** met enige ander produk, insluitend misstowwe, toedien nie.
- As dit egter nodig is om 'n tenkmengsel van **NIMITZ®** en ander produkte toe te dien, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets minstens voor toediening gedoen word om die verenigbaarheid van die mengsel te bevestig, asook 'n biologiese evaluasie om seker te maak dat die toediening van die mengsel nie 'n skadelike effek op die gewas sal hê nie.
- Om **fisiese** verenigbaarheid vas te stel, gooи die verlangde hoeveelhede van die produk(te) in 'n gesiktehouer. Wag vir 30 minute na vermenging en kyk dan of die produkte wel nog gemeng is. Indien die produkte wel nog in 'n mengsel is, is hul fisies verenigbaar.
- Kontak ADAMA South Africa vir inligting betreffende produkverenigbaarheid met **NIMITZ®**.

Vermenging

- Vul die sputtenk tot 70% van die volume daarvan met water, voeg die benodigde hoeveelheid **NIMITZ®** by die water in die sputtenk terwyl gedurig geroer word en meng goed.
- Hou aan om die mengsel in die sputtenk te roer gedurende toeding en in die periodes tussen toedienings.
- Gebruik water van goeie gehalte vir die toediening van **NIMITZ®** en vermy die gebruik van brakwater of water wat besoedel is met kolloïdale deeltjies.
- Maak die toedieningstoerusting deeglik skoon voor en na die toediening van **NIMITZ®**.

TOEDIENING

Algemeen

- **NIMITZ®** kan deur middel van breedwerpige toediening of bandbespuitings, of in sekere gewasse deur die drupbesproeiingstelsel toegedien word volgens die voor-plantintervalle aangedui vir die verskillende gewasse. Die produk moet nie deur vloedbesproeiing of oorhoofse besproeiing toegedien word nie.
- **NIMITZ®** moet die teikensone in die grond bereik, met ander woorde tot 'n diepte van 15 tot 20 cm versprei, om te verseker dat die produk in aanraking kom met knopwortelaalwurm. Daarom moet **NIMITZ®** óf meganies óf deur besproeiing tot 'n diepte van 15 tot 20 cm in die grond ingewerk word, ná band- en breedwerpige toediening. As **saad van pampoengewasse** geplant word, moet die produk meganies ingewerk word.
- Grondvog beïnvloed die inwerk van die produk in die grond en die effektiwiteit van **NIMITZ®**. Maak dus seker dat die grondvog voldoende is voor die toediening van **NIMITZ®** om uniforme meganiese inwerking te verseker, of uniforme beweging deur die bedding, van rand tot rand tot 'n diepte van 15 tot 20 cm, as deur die drupstelsel toegedien en ingewas word.
- In die geval van toediening deur die drupstelsel, moet die besproeiingslyne met water gespoel word om te verseker dat geen **NIMITZ®** in die besproeiingstelsel agterbly nie en dat die produk die teikensone bereik.
- Behandelde areas kan bedek word met plastiek of onbedek gelaat word, in ooreenstemming met plantprakteke.
- Saailinge moet reeds twee ware blare hê wanneer dit uitgeplant word om enige potensiële nauitplantstres, wat tot vertraagde gewasvestiging kan lei, te beperk.
- Om gewasskade te vermy, volg hierdie instruksies:



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

- In geval van aartappels dien **NIMITZ® minstens 3 dae voor plant toe**. Werk die produk op die dag van toediening in die grond in, óf meganies óf deur besproeiing, tot 'n diepte van 15 tot 20 cm.
- In tamaties en pampoengewasse dien **NIMITZ® ten minste 7 dae** voor die plant van saad of uitplant van saailinge toe, en volg die besproeiingsriglyne in Tabel 1 om **NIMITZ®** doeltreffend uit die wortelsone te spoel voor die saad geplant of saailinge uitgeplant word. Let op dat die hoeveelheid water benodig sal varieer, afhangend van die grondtipe en die bestaande grondvog. Oormatige vog, soos reënval en besproeiing direk na toediening, mag veroorsaak dat die produk verby die teikensone in die grond beweeg.

Tabel 1. Voor-uitplantbesproeiing vereis op die aangeduide aantal dae na toediening (DNT). Berekening is gebaseer op die lewering van effektiewe besproeiing tot op 'n diepte van 20 cm.

Toedieningstipe	Besproeiingstipe	Grond-klei %	Besproeiing (mm)	
			3 DNT	5 DNT
Breedwerpige of bandtoediening	Oorhoofse sprinkelbesproeiing	<5 %	8	–
		≥5 %	8	8
	Oppervlak-drupbesproeiing ¹	<5 %	6	–
		≥5 %	4	4
Druptoediening	Oppervlak-drupbesproeiing ¹	<5 %	5	–
		≥5 %	5	5

¹ Oppervlak-drup: vir uitplant tot en met 10 cm vanaf besproeiingslyn.

Breedwerpige en band-gespuite toedienings

- **NIMITZ®** kan toegedien word deur breedwerpige of bandtoediening op voorbereide beddings voor die plant van saadaartappels of saad of die uitplant van saailinge. Bandtoediening maak geteikende toediening van **NIMITZ®** tot die saad- of saailingbedding moontlik, wat die totale volume produk benodig verminder.
- Gebruik konvensionele sputtbalktoerusting vir breedwerpige toediening of geskikte sputtoerusting vir bandtoediening om **NIMITZ®** op die grondoppervlakte toe te dien.
- Verseker dat die toedieningsapparaat in 'n goeie, werkende toestand is en nie besoedel is met ander chemikalieë nie.
- Die gebruik van platwaaierspuitpunte (*flat fan nozzles*) word voorgestel vir breedwerpige toedienings en egalige-waaierspuitpunte (*even fan nozzles*) vir bandtoedienings om uniforme toediening oor die behandelde band te verseker.
- Kies 'n geskikte spuitpunt en druk om 'n growwe-druppelspektrum (>300 micron) te verkry, in ooreenstemming met die spuitpuntverskaffer se spesifikasies.
- Gebruik 'n minimum spuitvolume van 200 L/ha om uniforme toediening te verkry.
- In geval van bandtoediening baseer die berekening van die toedieningsdosis op die persentasie van die area wat behandel moet word, soos aangedui in die **Toedeningshoeveelhede**-tabel hier onder.

- Dien die spuitmengsel uniform oor die behandelde area toe.
- Om wegdrywing van spuitnewel na nie-teikenareas te beperk, moet nie **NIMITZ®** toedien met 'n spuitbalk wat hoër as 50 cm bo die grondoppervlak is nie.
- Werk die produk op die dag van toediening in die grond in, óf meganies óf deur besproeiing, tot 'n diepte van 15 tot 20 cm. Verseker dat die grondvog voldoende is vir uniforme inwerking. Werk die produk meganies in met 'n geskikte implement. As die produk deur besproeiing ingewerk word, dien genoeg water toe om die produk eweredig te versprei tot by die aangeduide gronddiepte, maar moenie oorbesproei nie.
- As **saad van pampoengewasse** geplant word, **moet** die produk meganies ingewerk word.
- Na toediening en voor die plant van saad of uitplant van saailinge, besproei volgens die riglyne vir breedwerpige toediening in Tabel 1.
- Laat **minstens 7 dae** toe tussen toediening en die plant van saad of uitplant van saailinge, en **minstens 3 dae** voor die plant van aartappels.
- Hervat normale besproeiingspraktyke na die plant van saad of uitplant van saailinge.

Drupbesproeiingstoediening

- Verseker dat die toedieningstoerusting skoon is voor en na die gebruik van enige ander middels. **NIMITZ®** moet nie saam met 'n produk vir die skoonmaak van druplyne gebruik word nie, aangesien dit effektiwiteit kan verlaag.
- **NIMITZ®** kan deur 'n drupbesproeiingstelsel toegedien word, maar nie deur enige ander besproeiingstelsel nie.
- Volg die riglyne van die verskaffer van die besproeiingstelsel.
- **NIMITZ®** moet toegedien word deur 'n kundige persoon met genoegsame ondervinding in die hantering van die besproeiingstelsel.
- Maak seker dat **NIMITZ®** uniform deur die besproeiingstelsel versprei word en toegedien word teen die korrekte dosis vir die area wat behandel moet word.
- Dien **NIMITZ®** toe met genoeg water en vir 'n voldoende periode om die hele wydte van die bedding en die wortelsone (15 tot 20 cm diep) uniform te benat.
- Baseer die berekening van die toedieningsdosis op die persentasie van die area wat behandel moet word, soos aangedui in die **Toedieningshoeveelhede**-tabel. Om die dosis wat toegedien moet word vas te stel, neem aan dat die benattingsfront dieselfde as die beddingwydte is, of gebruik verkieslik die werklike nat area.
- Die hoeveelheid water benodig vir die toediening sal afhang van die oorspronklike grondvogvlak, die grondtipe, persentasie organiese materiaal en toestand daarvan, asook onder andere die plasing van die drupbesproeiingslyn en drupperspasiering.
- Die volgende word aanbeveel wanneer **NIMITZ®** deur die drupbesproeiingstelsel toegedien word:
 1. Besproei die area vooraf op so 'n wyse dat die plantbedding van rif tot rif benat word.
 2. Kontroleer die hele besproeiingstelsel, insluitend die druppers, tydens die voorbesproeiingsproses om seker te maak die stelsel funksioneer optimaal voordat **NIMITZ®** ingespuit word.
 3. Plaas **NIMITZ®** in die besproeiingstelsel om die produk egalig deur die area wat behandel word te versprei.

4. Spoel die besproeiingstelsel met water om te verseker dat geen **NIMITZ®** in die stelsel agterbly nie.
- Moenie te veel spoelwater toedien nie, aangesien dit **NIMITZ®** uit die wortelsone kan uitwas.
 - Besproei volgens die riglyne in Tabel 1 na toediening en voor die uitplant van saailinge.
 - Laat **minstens 7 dae** toe tussen toediening en die uitplant van saailinge.
 - Hervat normale besproeiingspraktyke na plant of uitplant.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
Aartappels Aalwurms <i>(Meloidogyne spp.)</i> <p>WAARSUWING: Gebruik NIMITZ® slegs wanneer hoë gehalte saadaartappels wat nie op enige wyse beskadig of verswak is nie geplant word.</p>	4–8 L per behandelde hektaar	<p>Dien NIMITZ® 3 tot 7 dae voor plant toe. Verseker dat die grond klam is tydens toediening.</p> <p>Bepaal die risiko vir aalwurmskade en herinfestasie vir die spesifieke perseel met die hulp van 'n gekwalifiseerde adviseur, en/of 'n ADAMA SA (Pty) Ltd tegniese adviseur. Faktore om in aanmerking te neem sluit in 'n geskiedenis van aalwurminfestasie of -skade, grondtipe, gewasrotasie en ander landboupraktyke, grondberoking, en ander aalwurmbeheermaatreëls, toleransie van die gewas of variëteit vir aalwurms, en mark- en fitosanitaire vereistes.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien NIMITZ® teen 'n dosis van 4 tot 6 L/ha toe op persele met 'n lae tot medium risikoprofiel. • Dien NIMITZ® teen 'n dosis van 6 tot 8 L/ha toe op persele met 'n hoog risikoprofiel. <p>Let daarop dat NIMITZ® teen die aangeduide dosisse per behandelde hektaar toegedien moet word in 'n minimum sputtvolume van 200 L water per hektaar as 'n breedwerpige of bandgeplaaste sputtoediening. Tabel 2 duif die hoeveelheid produk aan wat per 100 m ry toegedien behoort te word.</p> <p>Pas die normale besproeiingspraktyke toe na plant.</p> <p>Werk die produk op die dag van toediening in, óf meganies óf deur besproeiing tot 'n diepte van 15 tot 20 cm. As die produk deur besproeiing ingewerk word, dien genoeg water toe om die produk eweredig te versprei tot by die aangeduide gronddiepte, maar moenie oorbesproei nie.</p> <p>Om gewasskade op aartappels te vermy, dien NIMITZ® minstens 3 dae voor plant toe.</p> <p>LET OP: In gevalle waar ernstige aalwurmbesmetting verwag word, word 'n addisionele aalwurmbehandeling, soos 'n voorafgaande grondberoking, aanbeveel.</p>



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
		<p>WAARSKUWING: Gebruik NIMITZ® slegs wanneer hoë gehalte saadaartappels geplant word, wat nie beskadig of verswak is deur plae, swam-, bakteriese of virusinfeksies, kontak met onkruiddoders, ongunste groeitoestande, bergings- en hanteringspraktyke of enige ander faktor wat die gehalte van die aartappelmoere kan benadeel nie.</p>
Pampoengewasse (Saad, saailinge) (Murgpampoentjies (zucchini), botterskorsie, spanspek, pampoen en skorsie) Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spp.)	8 L per behandelde hektaar Slegs in gronde met ≤9 % klei	<p>Dien 8 L NIMITZ® per behandelde hektaar toe as 'n breedwerpige of bandtoediening in ten minste 200 L spuitvolume per hektaar.</p> <p>Bandtoediening maak voorsiening vir 'n gerigte toediening tot die saad- of saailingbed, wat die totale hoeveelheid produk benodig verminder. Tabel 2 duif die hoeveelheid produk aan wat per 100 m ry toegedien moet word.</p> <p>Verseker dat die grond klam is tydens toediening. Verwys na die spesifieke instruksies oor breedwerpige en bandtoedienings en die inwerk van NIMITZ® in die grond.</p> <p>As saad van pampoengewasse geplant word, moet NIMITZ® meganies ingewerk word.</p> <p>Moenie toedien tydens plant of uitplant nie. Ontkiemende saad en saailinge van pampoengewasse kan sensitief wees vir NIMITZ®; dus moet die produk ten minste 7 dae voor die plant van saad of uitplant van saailinge toegedien word. Die vereistes vir besproeiing ná toediening, soos aangedui in Tabel 1, moet voor plant of uitplant geïmplementeer word.</p> <p>Saailinge moet ten minste in die ware tweeblaarstadium wees wanneer hulle uitgeplant word.</p> <p>Moenie toedien in gronde met 'n klei-inhoud wat 9 % oorskry nie.</p> <p>Na uitplant moet normale besproeiingspraktyke hervat word.</p>



ADAMA

Listen • Learn • Deliver

GEWAS EN PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
Tamaties (Saailinge) Knopwortelaalwurms (<i>Meloidogyne</i> spp.)	8 L per behandelde hektaar Slegs in gronde met ≤10% klei	<p>Dien 8 L NIMITZ® per behandelde hektaar toe deur die drupbesproeiingstelsel. Verseker dat die grond klam is tydens toediening.</p> <p>Tabel 2 duï die hoeveelheid produk aan wat toegedien moet word per 100 m ry.</p> <p>Verwys na die spesifieke instruksies hierbo vir druptoediening en die inwerk van NIMITZ® in die grond.</p> <p>Moenie toedien tydens uitplant nie. Tamaties-saailinge kan sensitief wees vir NIMITZ®; dus moet die produk ten minste 7 dae voor die uitplant van die saailinge toegedien word. Die vereistes vir besproeiing ná toediening, soos aangedui in Tabel 1, moet voor uitplant geïmplementeer word.</p> <p>Saailinge moet ten minste twee ware blare hê wanneer hulle uitgeplant word.</p> <p>Moenie toedien in gronde met 'n klei-inhoud wat 10% oorskry nie.</p> <p>Na uitplant moet normale besproeiingspraktyke hervat word.</p>

Tabel 2. Die hoeveelheid produk wat toegedien moet word per 100 m ry tydens band- en drupbesproeiingstoediening van **NIMITZ®** teen 8 L per behandelde hektaar. Berekeninge is gebaseer op die behandeling van die hele saadbedwydte.

Saadbedwydte	Hoeveelheid produk per 100 m ry
60 cm	48 ml
75 cm	60 ml
100 cm	80 ml
125 cm	100 ml

Byvoorbeeld: As geplant word op 'n bedwydte van 60 cm en 'n totaal van 2000 m ry (20 x 100 m) behandel moet word, is die vereiste hoeveelheid **NIMITZ®**: $48 \text{ ml} \times 20 = 960 \text{ ml}$.